HULDEBLYK

Dit was met groot leedwese dat ons op Vrydag 20 April 2018 die ontstellende berig ontvang het van die skielike afsterwe van Johannnes Petrus (Johan) Vermeulen gebore te Hermanus op 10 September 1939.

Johan was sedert 1989 en daarna na sy aftrede gedurende 2001 voltyds en tot en met sy afsterwe by die Genealogiese navorsing en die ter boekstelling van die Vermeulen-familie betrokke. Verder was hy 'n stigterslid toe die Bond van die Vermeulen-familie op 20 Maart 2000 gestig is. Hy het as lid van die bestuur en as voorsitter vir 17 jaar, tydens bestuur en die algemene jaarvergaderings van die Bond, gedien. Tot en met sy afsterwe was hy 'n aktiewe lid van die Bond en het hy in sy individuele kapasiteit voortgegaan met die versameling, opdatering en rekordering van inligting vir opname in die Vermeulen-geslagsregister.

Te danke aan sy rol, ywer, deursettingsvermoë en volharding om die VERMEULEN geslagsregister, eerste en tweede uitgawe, na te vors, die navorsing inligting van ander navorsers saam te voeg, te publiseer en te versprei, kan nie na waarde geskat word nie. Die Bond erken hiermee en bring hulde aan sy bydrae vir die nalatenskap wat vandag beskikbaar is vir die Vermeulen nageslag en waarvoor hy altyd onthou sal word.

Die Bond wil graag hiermee sy innige simpatie teenoor sy drie kinders, Amanda, Johannes en Anita asook sy vyf kleinkinders en ander familielede, getuig. Mag u elkeen by Ons Hemelse Vader vertroosting vind in hierdie tyd van groot verlies.

Uitgereik namens die Bestuur van die
Bond van die Vermeulen familie